# DIE WAARHEID

**TEMA:** **Glo die Waarheid**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-oOo-

## SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: PSALM 103:10-15

**Psalm 103:10 Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie.**

**Ps 103:11 Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees.**

**Ps 103:12 So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons.**

**Ps 103:13 Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees.**

Ek wil graag iets, wat die Here op my hart gelê het, met julle deel, naamlik:
**Hoe vas glo ek en jy aan die Waarheid?**

-o0o-

### 1. LEWE VAN BEKERING

**Psalm 103: 10 Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie.**
**Psalm 103: 11 Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees.**

Die hele beginsel hier is om die Here te vrees. Dit is die begin van wysheid. Wysheid is om die Here te vrees.

Hy sê dat Hy nie met ons handel na ons sondes en ongeregtighede nie. As jy die Here vrees, is hierdie op jou van toepassing. Die Here ken jou hart en hy weet watter tipe mens jy is. As jy Hom vrees, maar jy het miskien 'n foutjie gemaak, gaan aan met jou lewe. Leef 'n lewe van bekering (repentance) en gaan aan.

### 2. DIE ONBEPAALDE FAKTOR

Waarop ek eintlik wil neerkom, is vers 12. Kyk hierdie besondere vers.

**Ps 103:12 So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons.**

Noord, Oos, Suid en Wes is aardgebonde. Daar is 'n Noordpool en daar is 'n Suidpool. Daar is Ooste en daar is Weste. Dit is die vier rigtings wat op die aarde gevestig is, sodat ons kan weet in watter rigting die gesprek, of wat ook al dit mag wees, wys.

Waarom sê hy nie sover as die noorde verwyder is van die suide nie? As ek en jy noord gaan, dan gaan ons noord tot by 'n sekere punt en daar stop ons. Dit is dan die Noordpool, wat die verste punt noord op die aarde is. As ons suid gaan, dan gaan ons tot by die suidelike punt van die aarde en daar stop ons. Dit het 'n beginpunt en 'n eindpunt, maar nie die ooste en die weste nie. Waar jy ook al op die aarde is, as jy oos gaan, sal jy om en om die aarde gaan tot in vergange se dae. Dit is die beginsel wat die Here hier vir ons probeer verduidelik.

- Die ooste en die weste het nie 'n einde nie. Dit vloei aanmekaar.

-o0o-

**Ps 103:13 Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees.**

Hy sê dat Hy Hom oor ons sal ontferm, soos *'n vader hom ontferm oor die kinders*, as ons die Here vrees. Hy sal, altyd deur, ons ongeregtighede vergewe. Dit sal sonder einde wees.

Net soos ons sonder einde na die ooste toe kan gaan, só sal die Vader altyd vergewe, want Hy ken ons hart. Hy weet dat ons in die vrees van die Here lewe, daarom sê Hy, sover *as die ooste verwyderd is van die weste*. Dit is 'n onbepaalde faktor. Waar is die punt van die weste of die ooste? Ons kan dit nie bepaal nie, want dit het geen einde nie. Dit loop net aan. Dit is hoe groot God se genade oor ons is. As ons daardie beginsel kan verstaan, kan ons so 'n bietjie van God se genade oor ons verstaan.

## 3. VASTE VERTROUE

Die beginsel van wysheid is: Vrees vir die Here.

As ek die Here vrees sal ek Hom eerbiedig, respekteer en ek sal Hom glo.

'n Kind respekteer sy ouer. Hy vra nie elke dag vir sy pa of daar kos op die tafel gaan wees nie.. Hy bevraagteken nie sy pa nie, want 'n kind neem aan dat sy pa sal voorsien. Nie een van jou kinders kom na jou toe en vra of jy al die skoolgeld betaal het of dat jy vir hom moet wys dat daar brandstof in die motor is nie.

Die mens tree baie keer soos 'n ongelowige Thomas op. Ons hou nie vas aan daardie verbond van Waarheid nie.

- As ons sê, dat ons glo dat die Vader ons Vader is,
- As ons hierdie gedeelte ons eie maak en
- Ons sê dat ons in die vrees van die Here lewe,
  - ✓ Dan sal ons glo wat God vir ons sê.
  - ✓ Ons sal vashou aan dit wat Hy sê, ten spyte van omstandighede, of enigiets anders en ons sal glo.

Nie een kindjie neem vanmôre sy kosblik van die tafel af en kyk eers of daar brood in is nie. Nee, hy neem die kosblik net so en gaan skool toe, want hy vertrou dat sy mamma vir hom lekker en die beste kos verpak het.

## 4. GLO DIE WAARHEID

Waar is ons werklike diepe geloof in God?
Waar is ons diepe vrees en daardie houvas wat ons aan Sy beloftes moet hê?
Ons kan nie sê dat ons die Waarheid glo nie, want wat is die Waarheid?

- Die hele Woord is die Waarheid.

Christus sê dat Hy die Weg, die Waarheid en die Lewe is (Joh. 14:6). *(Oor die Weg, die Waarheid en die Lewe het ek ook 'n lering, waar ek al drie daardie persoonlikhede apart ontleed).*

Wat is die Waarheid? Daar is net een Waarheid.

Kom ons neem 'n voorbeeld. Die waarheid is dat op die 29ste November 2023, was ons bediening Mount Zion Ministries, 16 jaar en een dag oud. Dit is die volle waarheid. Sou enige mens op aarde 'n ander ouderdom vir ons bediening wil gee, is dit alles leuens. Die waarheid is dat MZM 16 jaar en een dag oud op die 29ste November 2023 was. Ten spyte van alle leuens, staan dit soos 'n paal bo water. Dit is so met die Waarheid.

- Paulus skryf 1 Timótheüs 4:9 Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word;

As jy die volheid van die Woord aanneem en God het vir jou 'n woord gegee, in welke formaat hoe Hy dit ook al met jou gedoen het, dan het Hy vir jou 'n deeltjie van Sy Waarheid gegee. Hy het vir jou iets, 'n mylpaal of 'n doelwit gegee, waaraan jy kan vashou,. Hy het Sy plan vir jou gegee, nie jou plan vir jouself nie.

-o0o-

- Dit is Sy plan vir jou en Hy kan nie lieg nie.

Dikwels kry ek mense wat die Woord glo, maar dan beweer dat daar ‘n sekere gedeelte is wat hulle nie kan vertrou nie. Kan jy, byvoorbeeld, voor jou kind staan en sê jy glo dat hierdie jou kind is, maar die klein toontjie behoort nie aan jou nie? Jy kan nie beweer dat dit nie die kind se kleintoontjie is nie. Hoe kan ons God se Woord in stukke sny? Ons kan nie.

- Dit is een Woord, een Beginsel, een Verbond, een Evangelie en dit is die Waarheid.

Die waarheid is altyd die waarheid. Dit is soos daardie paal wat bo alles uitstaan wanneer die waarheid nie klop nie,. Al sê mense nou MZM was 16 jaar en 2 dae oud op daardie datum, is hulle nie ver uit nie, maar dit is nog steeds verkeerd. Ons was op daardie betrokke dag 16 jaar en 1 dag oud.

- As ons die Waarheid ken, sê die Bybel, sal die Waarheid ons vry maak.
  Johannes 8:32 En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.

Dit is waarom ek julle wil bemoedig dat wat God ook al vir julle gegee het, hetsy deur profesieë, deur drome of wat ook al, hou daaraan vas. Vergeet van die leuens wat satan in jou grondgebied kan kom saai. Dit is daardie ander saad, wat nie vrug het nie, waarvan Christus gepraat het. Ek het daaroor ook ‘n lering. Die vyand se saad lyk presies dieselfde, maar hy het nie saad of ‘n koringkorrel in die halm nie. Dit bly egter net ‘n droë dop.

## 5. VADERHART

Hierdie Vader, hierdie God, wat soos die Bybel vir ons sê, soos ‘n vader is wat hom ontferm oor sy kinders, ontferm *Hom oor die wat Hom vrees*. Vrees die Here. Glo die Here. Hou vas aan die Here, dan sal die Here Hom oor jou ontferm.

Al struikel ons hier en daar, ons is mens, maar kan steun op vers 12, waar Hy sê soos *die ooste verwyderd is van die weste*.

- Daardie Vaderhart, daardie vergifnis, daardie uitroep, daardie omgee (caring) wat die Vader vir ons het, hou net nooit op nie. Dit is soos die ooste wat aanhou loop na die een kant toe en die weste na die anderkant toe om. Die twee raak eintlik net verder en verder weg verwyder van mekaar. Só groot is God se genade oor ons.

## 6. FOKUS

Jy kan nie stukkies uit die Waarheid sny nie. Hou vas aan die volle Waarheid. Die Waarheid is die Waarheid.

- God is die Waarheid.
- Christus is die Waarheid.

Hou vas aan die Woord. Dit maak nie saak wat jou omstandighede is nie. Moenie jou oë op die storms hou, of eens daarna kyk nie. Moenie buitekant kyk nie. Hou jou oog op Jesus Christus en fokus op die Waarheid. Fokus op dit wat die Here vir jou belowe het, dan sal jy die resultate sien. Hierdie skrif gedeelte sal kom, want dit staan geskrywe. In die Waarheid staan dit geskrywe. Soos ‘n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees. (Ps 103:13)

## 7. DIE BLOED

Daar is iets wat hierdie hele punt, rondom die Woord, die Waarheid net vir ons sterker maak. Ek dink nie die Vader kon verder gegaan het as dit nie. Hy het regtig vir ons, soos die Engelsman sê, *“The absolute proof”* gegee. Met dit wat Hy vir ons gegee het, staan Hy vas.

- Dit handel oor die bloed van Jesus Christus wat ewig lewend is.

Dit is die enigste bloed in ‘n mens se liggaam wat ooit op aarde was, wat nooit gesondig het nie. Dit is die enigste bloed waaraan satan nie ‘n houvas het nie. Dit is die enigste bloed waaraan die dood nie gekoppel kon word nie en daarom het Jesus Christus nooit gesterf nie. Hy het Sy lewe neergelê, sê die Woord. Hy was ‘n vrywillige offer en het Sy lewe vir Sy skape neergelê. (Joh 10:15)

-o0o-

Die Vader het daardie bloed vir ons gegee as ‘n lewende getuie, tot in alle ewigheid, dat dit wat Hy vir ons gegee het, die Waarheid is.

Wanneer kan ons in die Waarheid twyfel trek?
Wanneer kan ons ‘n vraagteken agter die Woord sit?

- Die dag as jy, of enige wese, of satan self, dit kan reg kry om die dood aan Christus Jesus se lewende bloed te koppel. Daardie dag het jy die volste reg om die Waarheid in twyfel te trek. Dit is die enigste dag.

Onthou, daardie bloed is in die hemelse altaar, maar dit is ook in die liggaam van Christus. Ons is daarom reeds alewige lewende wesens hier op aarde en kan nooit sterf nie. Ons stap net oor die ewigheid in. Dit is soos ‘n deur waardeur jy stap, van die een kant na die anderkant toe. Daar is nie meer dood vir ons nie. Ons lewe. Christus Jesus lewe in ons. Die dag toe ons, ons lewe neergelê het, het ons reeds gesterf. Daar het ons die tweede dood gesterf, sodat die eerste dood nooit ‘n houvas op ons kan hê nie, want nou is die bloed van Jesus in ons lewe. Sy ewig lewende bloed vloei nou deur ons are. Dit is waarom Hy sê dat dit die bloed van die nuwe testament is wat Hy vir ons gee.

- Ons, die mens, het nie meer bloed in die geestelike ryk (realm) nie.
- Die bloed wat nou in ons are vloei, is die ewig lewende bloed van Christus Jesus.

Ons leef reeds hier op aarde in die ewigheid.
Ons het alreeds, die dag toe ons Christus aangeneem het, begin met ons ewige lewe. *Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê* (Joh. 3:16)

- Nie sal kry nie, maar ***kan hê.***

Die oomblik toe ons ons lewens neer gelê het en Christus Jesus aangeneem het, het ons al klaar die ewigheid ingestap.

- Ons bestaan hier op aarde, maar ons lewe in die ewigheid.

Daar is nie ‘n manier hoe ons nog kan twyfel nie. Hoe kan ons nog twyfel as ons reeds in hierdie goddelike posisie verkeer waarin Christus ons geplaas het? Ons hoef nie meer enige iets, wat satan na ons kant toe gooi, eers aanneem of bevraagteken nie. Ons hoef nie eers meer daaroor te wonder nie, want dit is alles leuens. Daar is net een waarheid en dit is die Waarheid. Die bloed van Jesus Christus wat in my en jou lewe funksioneer, getuig daarvan.

Mag die Here julle baie ryklik seën.

Mag hierdie woord wat uitgaan vir julle baie beteken en deel van julle lewe word.

Die Here seën julle. Mooi dag

-o0o-

## Bykomende Skrifgedeeltes

**Johannes 14:6** Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.

**Johannes 12:24** Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug.

**Johannes 10:15** Net soos die Vader My ken, ken Ek ook die Vader; en Ek lê my lewe af vir die skape

**Johannes 15:13** Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee.

**1 Johannes 3:16** Hieraan het ons die liefde leer ken, dat Hy sy lewe vir ons afgelê het; en ons behoort ons lewe vir die broeders af te lê.

-o0o-